

Die afgelope week het ons gesien hoe mense geweldig raak, winkels plunder en voertuie brand in Suid-Afrika. Dit het jou dalk gelaat met 'n warboel gedagtes. Die profeet Habakuk in die Bybel het ook in 'n tyd geleef waar hy geweld en onreg beleef het, en daarom kan hy vir ons help om woorde te gee aan ons gebede en emosies.

Steek as familie 3 kerse een vir een aan, lees die tekste, gesels en bid saam.

### **Kers 1: Die verlede**

**Lees:** Habakuk 1:2-4 waar Habakuk die Here bevraagteken en moedeloos is.

**Gesels:** Dink terug aan die afgelope week – wat het jy gesien of gehoor en hoe het dit jou laat voel?

**Bid:** Deel jou emosies met God en raak bewus daarvan dat Hy nog altyd teenwoordig was.

### **Kers 2: Die toekoms**

**Lees:** Hab 2: 2-4 waar God vir Habakuk verseker dat Hy geregtigheid vereis en nie passief is nie.

**Gesels:** Watter vrae en onsekerhede het jy oor die toekoms?

**Bid:** Doen introspeksie en vra vergifnis waar jy dalk die afgelope week oorhaastig reageer het en bygedra het tot vrees en hopeloosheid. Stel opnuut jou vertrou in God wat altyd vir ons sal sorg en vrede sal bring.

### **Kers 3: Die hede**

**Lees:** Habakuk 3:17-19 waar Habakuk “jubel en juig”, al gaan dit nie goed nie.

**Gesels:** Hoe kan julle met ander oë kyk na dit wat gebeur, geloofstaal praat en prakties hierdie week met dae van diens lig bring?

**Bid:** Bid vir die land, geregtigheid en vrede. Vra dat God jou en die gemeente sal gebruik as ligdraers van Christus en die evangelie van hoop.

Luister Maandae – Vrydae saam na die daaglikse oordenkings op die **DinkJeug Familie App**.

**Laai die app hier af:**

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>